

Ek wil die pa wees wat ek nie gehad het nie

Om pa te word het Gerhard Steyn se lewe ingrypend verander. Vandag wil hy vir sy dogter die pa wees wat hyself nooit geken het nie.

'n Ontmoeting met God het my jare as "sukkelende kunstenaar" verander... een aand ongeveer sewe jaar gelede toe ek in die stort gestaan het. My lewe het voor my afgespeel. Ek was toe al sewe jaar lank aan die rondreis en optree. Ek het twee CD's op die rak gehad en soms tot sewe dae 'n week opgetree. Steeds het my groot deurbraak my ontwyk. Ek het gewonder of ek op die pad was wat God vir my lewe beplan het. Daar was soms twyfelomblikke. In een só 'n stadium het iemand vir my 'n duur kitaar gegee en by 'n ander geleentheid baie waardevolle luidsprekers. Elke keer het God deur hierdie dinge vir my hoop gegee.

Dié keer in die stort was anders. Ek het nie meer planne gehad nie. Dit het vir my gevoel asof ek naby aan uitbranding was. Met die tranes wat oor my wange stroom, het ek vir God gevra waarheen ek op pad was. In my binneste het ek gewonder of die klomp vertonings en rondreis die moeite werd was aangesien ek steeds soms nie met my geld kon uitkom nie. Ek het my totaal aan God oorgegee en Hom gevra om my te lei.

Terwyl ek uit die stort geklim het, het ek in my gees ervaar hoe God vir my sê dat wat ek met my lewe doen, reg is en dat Hy

my daar wil gebruik. 'n Maand later het die liedjie *Baby Tjoklits* 'n treffer geword wat my loopbaan na sukses gestoot het. Die ironie is dat die CD met daardie liedjie op toe reeds nege maande lank op die rak was.

Omdat ek nie my aardse pa se woord kon vertrou nie en omdat hy nooit daar was vir my nie, is dit asof God my op hierdie reis geneem het en die geskenke in die vorm van die kitaar en luidsprekers, en later ook die sukses van die liedjie, gebruik het om my te laat beseef dat Hy my Hemelse Pa is wat Sy woord hou en my nooit sal teleurstel nie.

My kinderjare is grotendeels beïnvloed deur die feit dat... my pa uit ons lewe is toe ek baie jonk was. Dit was geweldig sleg toe ek grootgeword het. Tot vandag toe is dit moeilik om hom nie te verwyf as daar groot geleenthede in my lewe opduik en hy afwesig is nie. My pa se keuses het my laat beseef dat ons optrede vandag 'n rimpel-effek op die mense om ons het – goed of sleg.

My ma het egter haar bes gedoen om ons goed groot te maak en ons te leer om geleenthede aan te gryp. Ek was byvoorbeeld in standaard 4 (graad 6) toe daar op 'n dag proewe vir die dorpspan aangebied word. Net voor huistoegaantyd het die hoof die name van vier seuns gelees wat aan die proewe kon gaan deelneem. Al was ek in die skool se eerste rugbyspan, is my naam nie gelees nie. Ek was baie teleurgesteld.

Na skool het ek by die hek vir my ma gestaan en wag. Sy was toe 'n onderwyser ►

“Tot vandag toe is dit moeilik om hom nie te verwyf as daar groot geleenthede in my lewe opduik en hy afwesig is nie.”

by die skool. Toe sy opdaag, het sy my gevra wat op die rugbyveld aangaan. Ek het haar van die proewe vertel en ook dat my naam nie gelees is nie. Sy het na my gekyk en gesê: "Gee my jou tas." Ek het dit vir haar aangegee. Daarna het sy gesê: "Trek uit jou skoolhemp." Ek het dit gedoen. Met my skoolbroek en vesse het sy my na die veld gestuur met die opdrag: "Nou gaan sit jy langs die veld en wag vir 'n geleentheid – totdat iemand beseer word of hulle jou toevallig oproep." Ek was seker vyf minute daar toe iemand beseer word en hulle my oproep in 'n posisie waarin ek nie eens gewoonlik speel nie. Ek is daardie dag vir die span gekies.

Die les wat ek geleer het, is dat 'n mens nie moet wag vir geleenthede om na jou kant toe te kom nie. Skep geleenthede. Moenie vaskyk in jou omstandighede nie, kyk eerder na die persone wat na die storm agtergebly het. Dit is jou familie wat jy moet koester en oppas. Ek het gesien hoe my ma as 'n sagte vrou in 'n ystervrou verander het. My ma het haar alles vir ons gegee – sonder om "agter te bly". Jy as ma moet jousef opoffer vir jou kinders sonder om agter te bly. Dan sal jy die oorwinning behaal en die vrugte pluk. My ma het – en sy pluk die vrugte daarvan.

Die feit dat ek sonder 'n pa grootgeword het, het ook beteken dat ek... 'n verwronge persepsie van God gehad het. Ek het gewonder hoekom Hy toegelaat het dat my pa die mishandeling teenoor my ma gepleeg het. Watter God is Hy dat Hy dit toelaat? Mettertyd het ek egter beseef dat God aan ons elkeen 'n vrye wil gee. Ons moet verantwoordelikheid aanvaar vir ons besluite in die wete dat dit die mense om ons affekteer.

“As 'n mens jou hemelse Pa vra om jou in elke situasie te lei, word dit makliker om 'n aardse Pa vir jou kind te wees.”

Ek het geleer dat God se karakter goed is en dat Hy goeie dinge vir ons wil hê. God sê Hy beplan vir ons voorspoed, vir 'n hoopvolle toekoms. As daar slegte dinge sou kom, kan Hy dit ten goede laat meewerk vir diegene wat Hom liefhet.

Aan mense wat, soos ek eens, sukkel om God as Pa te sien, is my boodskap: Dit is moeilik om in God se goedheid te glo as jy nog nie 'n ontmoeting met Hom gehad het nie. Tog, 'n ontmoeting met Hom en tyd in Sy teenwoordigheid verander jou persepsie. Sodra jy Sy goedheid ervaar het, sal jy beleef hoe dit jou dryf om sy teenwoordigheid toenemend op te soek.

Omdat vergifnis 'n mens vrymaak, het ek... my pa 'n geruime

tyd gelede vergewe vir wat hy aan ons gedoen het. Tog het ek beseef dat vergifnis 'n paar keer gedoen moet word voordat jy werklik self vry kan word.

My ma was byvoorbeeld 'n tyd gelede siek terwyl ek en my vrou weg was met vakansie. Sy het 'n maagseer gehad wat gebars het. My ma het vir agt uur lank in die hospitaal gelê en wag om geopereer te word. Alhoewel sy antibiotika vir die infeksie gekry het, was die infeksietelling so hoog dat die dokters gedink het sy kon sterf.

Die skok van die erns van haar situasie het my in die hospitaal laat inmeekaarsak, iets wat totaal buite my aard was. Ek het beseef dat ek in daardie oomblik ontsettende woede teenoor my pa het. Hoekom het hy nie sy rol volgestaan nie? Hoekom is hy nie daar vir my ma nie? Ek moes hom weer vergewe het.



Ook met my dogtertjie se geboorte is ek weer met die pyn van sy afwesigheid gekonfronteer. My skoonouers en my ma was daar en weer moes ek in my wese die keuse doen om nie bitterheid in my hart toe te laat nie, maar om hom te vergewe.

As vergifnis moeilik kom, probeer ek myself telkens daaraan herinner dat ek as mens feilbaar is en ook foute maak. Ek het al dikwels in die verlede ander se vergifnis ontvang – en moet daarom ook vergewe soos God van ons verwag. Wanneer ons iemand vergewe, word onself vry. Vergifnis is 'n keuse, 'n besluit wat jy neem. En vergifnis is bevrydend.

My verlede en die uitdagings wat ek beleef het, het my... nogal bang gemaak om self te trou. My verlede het 'n groot impak op my persepsie van die huwelik gehad. Wat ek tussen my ouers gesien het, wou ek nie herhaal nie. Hoewel ek baie van meisies gehou het, wou ek nie trou nie.

Weens my eie hardkoppigheid en hardhorendheid vir God se stem, het ek amper 'n paar foute gemaak in my keuse van 'n huweliksmaat. Ek het seker 'n jaar lank geweet dat Zelri my vrou is, maar ek het gedink sy is te jonk vir my. Vandag weet ek ouderdom tel nie by God nie.

Een van die redes vir ons huweliksgeluk is dat ons 'n besluit geneem het om ons eie huwelik te bou. Alles wat goed was tussen haar ouers en my ouers is welkom in ons huwelik. Enigiets skadeliks is onwelkom in ons huis. 'n Mens kan nie in jou eie verwysingsraamwerk terugleef nie. 'n Nuwe raamwerk vir ons verhouding en huwelik is dus baie belangrik.

'n Belangrike les wat ek in die huwelik moes leer... is dat ons as mense geneig is om baie selfsugtig te wees. Ons kyk altyd na wat ons kan baat uit 'n verhouding of vriendskap in plaas van om te kyk na wat ons kan gee sonder om enigiets terug te verwag.

Ons het besef dat gehaltetyd saam met mekaar en goeie kommunikasie vir ons huwelik ononderhandelbaar is. Ons moet mekaar "oopsny" om die binnekant, die innerlike, van ons maat te verstaan

Luister op 10 Oktober om 07:40 na Gerhard waar hy vertel van sy Godsontmoeting op Tygerberg 104FM. Dit sal ook op potgooi beskikbaar wees.

en te hoor hoe sy of haar hart klop.

Ons is twee ratte met ons eie verwysingsraamwerke wat met ons troue 'n eenheid in God word. Die huwelik kan vir baie mense 'n groot ontnugtering wees as daar met 'n verkeerde ingesteldheid in die verhouding ingegaan word. Tog, as jy met die regte persoon getroud is en dit vir hom of haar ook gaan om die beste in die huweliksmaat na vore te bring, word dit 'n seëning omdat die opoffering julle beide baat.

Ons dogtertjie se premature geboorte en lang verblyf in die hospitaal... het ook my geloofslewe geraak. Aprilmaand is gewoonlik 'n redelik besige maand vir die meeste sangers. Teen die einde van verlede jaar het ek opgelet dat daar heelwat vertonings in Maart en weer in Mei was, maar April was 'n besonder stil maand. Ek en Zelri het besluit om die maand te geniet en lekker te rus.

Die tweede week van April is Zelri in die hospitaal opgeneem en 'n noodkeisersnee moes op 33 weke van die swangerskap gedoen word.

Ná die keisersnee het ek saam met ons dogtertjie, Zardi, en die mediese personeel na die hoësonde gestap. Daar het alles vir my goed gelyk en in my hart het ek skielik 'n dringende begeerte gekry om te gaan kyk of Zelri reg was. Sy was 'n bietjie langer in die teater as gewoonlik, maar toe sy uitkom, kon ek sien dat alles reg was met haar.

Skielik het ek besef dat my selfoon weg is. Ek het rondgehardloop en oral daarna gesoek. Sowat tien minute later het my skoonpa met my foon aangedraf gekom. Ek is toe dadelik terug na ons dogtertjie.

Dié keer was die mediese personeel in die hoësonde aan die skarrel met alarms wat om my dogtertjie se bed afgegaan het. Geskok het ek die nuus ontvang dat Zardi minute nadat ek weg is, meteens opgehou het om asem te haal. Daar was geen hartklop nie. Die dokters het gelukkig vinnig gesprong en haar weer aan die lewe gekry.

Vandag besef ek dat God my "verlore selfoon" gebruik het om my vir 'n paar minute uit die hoësonde te hou om nie die oomblik te hoef beleef het toe Zardi

se hart gaan staan het nie. Dit sou my totaal oorweldig het.

Die vyf weke wat Zardi in die hospitaal was na haar geboorte het vir seker my geloof uitgedaag, maar my terselfdertyd laat besef hoe groot God is. Hy het haar aangeraak en genees en nuwe lewe in haar geblaas. Sy is klein, maar Hy is groot en Sy tydsberekening perfek. Daarvoor kan ek nie genoeg dankie sê nie.

Die belangrikste ding wat my pa wees vir my is dat... Zardi God se kind is en dat Hy haar aan ons geleen het. As 'n mens jou hemelse Pa vra om jou te lei, word dit makliker om 'n aardse Pa vir jou kind te wees. Daar is waardes wat Hy wil hê ons in haar lewe moet inbou en met Sy hulp sal ek my beste gee om dit te doen.

Omdat my aardse pa afwesig was in my lewe en dit my vandag nog met tye seermaak, is een van die dinge wat vir my uitstaan, die feit dat ek geken wil word as 'n onselfsugtige pa. Ek sal graag wil hê sy moet terugkyk op haar lewe en sien dat ek dáár was vir haar. Ek wil die vreugdestye in haar lewe met haar deel, maar sy moet weet dat my arms vir haar oop is ook in die minder goeie tye van haar lewe. Ek wil van die begin af moeite doen om spesiale tye saam met my dogter te hê en herinneringe te skep en ek wil hierdie tye saam met haar koester.

'n Dogtertjie soek baiekeer 'n man soos haar pa en die manier hoe ek teenoor my vrou optree, gaan haar beeld van haar droomman vestig. Ek sal dus graag wil hê sy moet sien dat ek my vrou koester, opbou en spesiaal laat voel. Dat ek alles ingesit het om haar en my vrou se lewe beter te maak en te inspireer.

Ek wil hê dat sy God in my lewe moet kan sien. Ek is seker daar gaan nog 'n paar uitdagings en hindernisse kom, want ouerskap is nie altyd maklik nie, maar een ding weet ek seker: God is ons hemelse Pa en as ons Hom vra om ons te lei, word dit heelwat makliker om 'n aardse Pa te wees wat vir jou gesin voor kan loop en om 'n voorbeeld te leef wat jou kinders sal wil nastreef. F

ARTIKEL BENESKE JANSE VAN RENSBURG



voelgoed.co.za/Gerhard-Steyn

Gerhard is 'n nuwe pappa.

Luister na sy raad vir pa's en ook hoe sy eie kinderjare sy menswees gevorm het.